BYBELSTUDIE OPENBARING LES 4 HOOFSTUK 1:9-13.

Openbaring 1:1-8:
In die eerste verse vind ons die oorsprong van die boek Openbaring: God self! Hy het dit aan Jesus Christus gegee om dit verder deur te gee aan die engel en aan Johannes. Die inhoud handel oor wat in die toekoms gaan gebeur. God se oordeel moet voltrek en sy alleenheerskappy finaal gevestig word. Elkeen wat die woorde van Openbaring hoor of lees, moet dit ernstig opneem, want die eindtyd is naby.
Aan wie is die boodskap gerig? Aan die sewe gemeentes in Klein-Asië 4n daarom aan die kerk in sy geheel. Die vertelling begin met ’n seëngroet van die drië-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees. God word beskryf as die Een wat is en wat was en wat kom. Hy is nooit afwesig nie en altyd daar vir sy kind. Die groet kom ook van Jesus Christus wat die hoofrol in die ontvouing van die vertelling gaan speel. Deur sy sterwe en opstanding heers en regeer Hy en het Hy ons sy gehoorsame onderdane en priesters gemaak. Die tema van die boek? Die wederkoms van Jesus Christus. Elke oog sal Hom sien wanneer Hy kom [1:7-8].
Vers 9-20 dien as inleiding op die bundel briewe wat volg [2:1-3:22] asook die hoofgedeelte van Openbaring [4:1-22:5]. ’n Kort opsomming van 1:1-20 kan soos volg weergegee word:

- Christus gee die openbaring: 1:1-3.
- God Drie-enig seën sy kerk: 1:4-6.
- Kort opsomming van die tema: 1:7-8.
- Roepingsvisioen van Johannes: 1:9-20.

OPENBARING 1:9-13.

1. LEES: Vers 9.
   Wat is die verband tussen Johannes en die lesers van Openbaring?

2. LEES: Openbaring 1:2; 12:11.
   Waarom is Johannes na Patmos verban? [Patmos heet vandag Patina].

3. LEES: Vers 10; Matteus 28:1 [1953-vertaling]; Handelinge 20:7 [1953-vertaling]; 1 Korintiërs 16;2 [1953 vertaling].
   Van watter dag praat Johannes hier wanneer hy skryf: “Op die dag van die Here”?

4. LEES: Vers 10; 2 Samuel 23:2-4; Esegiël 1:4; 3:12; Daniël 8:2.
   Wat beteken dit dat Daniël “in die Gees” is? Was hy miskien in ’n ‘trance’?

In vers 12-16 lê Johannes klem op Wie met hom gepraat het. Hy skryf dit soos volg neer:

- Eers die omgewing van die Here.
- Dan die Here self – in die algemeen.
- Daarna beskryf hy die Here se gesig.

Kom ons kyk saam na die onderdele van hierdie visioen.

5. LEES: Vers 12b en 13a; Eksodus 25:31,37; Sagaria 4:2.
   Wat sien Johannes in vers 12b?
   Wat simboliseer die sewe goue staanlampe [vgl. Vers 11]?
   Wat beteken dit dat die Here tussen die sewe goue staanlampe beweeg?

6. LEES: Vers 12b; Eksodus 25:31,37; Sagaria 4;2.
   Vergelyk die sewe goue staanlampe van Openbaring met die goue kandelare van die Ou Testament.
   Wat is die verskil en wat beteken dit?

7. LEES: Vers 12b, Jesaja 43:21; Matteus 5:14-16; 1 Petrus 2:9.
   Kyk mooi na die beskrywing van die sewe goue staanlampe. Watter simboliek lê in die staanlampe opgesluit?

8. LEES: Vers 13a; Daniël 7:13-14; Matteus 24:36-37; Markus 2:10,28; 8:31,38; 9:9; Lukas 9:21.
   Hoe moet ons die uitdrukking “Seun van die Mens” verstaan?

ANTWOORDE.

1. Hy is ’n medegelowige.
   Saam met hulle is hy deur die geloof verbonde aan Jesus.

Saam met hulle het hy deel aan die verdrukking en aan die koninkryk en aan die volharding.

Let op die volgende:

Die 1983-vertaling praat van ‘medegelowige’. Die Grieks praat egter van julle broer en deelgenoot [vgl. 1953-vertaling]. Johannes is met ander woorde in geestelike sin familie van sy lesers omdat hulle saam “broeders en susters” in Jesus is.

Johannes praat spesifiek net van Jesus en nie van Jesus Christus nie. Op die besondere wyse vestig hy die lesers se aandag op Jesus se versoeningswerk en die feit dat ook Hy hulle Broer is.

Hulle het ook deel aan die koninkryk [basileia]. Die woord koninkryk verstaan ons beter wanneer dit vertaal word met “heerskappy”. As ons verdruk word, sal ons kan volhard indien ons deel in die heerskappy, dit is die oorwinning van Jesus.

2. Johannes is na Patmos verban omdat hy vreesloos en suiwer oor Jesus en die evangelie [boodskap] getuig het.
3. Dit is nie so maklik en eenvoudig om te verklaar van watter dag Johannes hier praat nie.
   - Sommige skrifverklaarders dink aan die laaste werksdag. Dit word afgewys omdat sowel die Ou – as die Nuwe Testament die betrokke dag die Sabbat noem.
   - Ander dink aan hierdie dag as Jesus se opstanding uit die dood.
   - Van die latere skrywers [Kerkvaders] gebruik ook die uitdrukking “dag van die Here” en verstaan daaronder die eerste dag van die week [Sondag soos ons dit ken].

   Die afleiding wat deur die meeste skrifverklaarders gemaak word, is:

   Die Here het op die eerste dag van die week, met ander woorde op ’n Sondag aan Johannes verskyn.

   Die Here het spesifiek hierdie dag uitgekies omdat dit die krag van sy opstanding onderstreep.
4. Daar is min verwysing na die Gees in Openbaring [1:4,10; 4:2; 14:13b; 22:17]. Sommige skrifverklaarders dink hier aan ’n toestand van ekstase of selfs ’n droom. Om egter “in die Gees” [Grieks] te wees, of “deur die Gees meegevoer” te wees, hoef nie na ’n ekstatiese toestand te verwys nie. Gelowiges is normaalweg “in die Gees” [Rom.8:6 Grieks]. So moet ons dit verstaan as ’n ervaring van Johannes in gemeenskap met die Heilige Gees.

Die Heilige Gees het Johannes se sintuiglike waarneming oorgeneem terwyl hy by sy volle bewussyn was. Hy het lewend en bewustelik waargeneem.

5. Johannes sien sewe goue staanlampe.
   Die sewe goue staanlampe simboliseer die sewe gemeentes [vgl. Vers 11] – dus die heilige algemene Christelike kerk.
   Die Here beweeg [is, wandel, loop, bestaan] tussen die sewe goue staanlampe – dit is tussen sy kerk. Hy regeer sy kerk soewerein en met goddelike gesag.
6. In die Ou Testament was die sewe kandelare almal aan een stam/steel verbind. Dit het die nasionale eenheid van die kerk uitgebeeld, want toe het die kerk fisies en sigbaar uit een volk [Israel] bestaan.
   In die Nuwe Testament [Openbaring] verander die beeld. Die sewe goue staanlampe staan nou los van mekaar. Elke kerk [gemeente] is ’n selfstandige kerk. Die kerke [gemeentes] staan dus gelyk aan mekaar. En hulle gemeenskaplike stam? Dit wat hulle saambind, is die Here Jesus Christus.
7. Die goud dui daarop dat die kerk kosbaar gelouter is deur die bloed en soenverdienste van Jesus Christus.
   Die staanlamp is ook simbool van die roeping van die kerk van die Here. Die kerk moet sy roeping uitstraal soos ’n lig wat skyn en die kerk moet God se deugde en lof verkondig.
8. Wat beteken hierdie beskrywing nie?
   Dit beteken nie dat Johannes ’n Wese gesien het wat soos ’n mens lyk nie. Hy bedoel ook nie ’n mensgedaante nie. As dit is wat Johannes bedoel het, sou hy dieselfde geskryf het as in Openbaring 4:7.
   Wat beteken die beskrywing wel?
   Baie opvallend gebruik Johannes nie ’n lidwoord in hierdie uitdrukking nie, byvoorbeeld: Seun van *die* Mens nie.
   Hy gebruik die woorde as ’n eienaam. Daarom sou ons dit kon vertaal met: Menseseun!
   Die “soos” is om duidelik te maak dat daar tog ooreenkoms is met Jesus soos wat Hy vroeër op aarde was. Dit is Jesus die Mens.

Vanaf vers 13b gaan Johannes die Here in sy Godheid en heerlikheid beskryf. Daarby kom ons in Les 5.

****